

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 7 Desember 2013
Personeelblad van die NWU

**Ontmoet
ons
voorste
navorsers**

**Syferslimmes
presteer**

**Onderrig-leer baat by
oopbronvennootskap**

INHOUDSOPGAWE

- 2 NWU-web: mylpale behaal
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons mense presteer!
- 4 Koel navorsers ontvang die hoogste lof
- 5 MIV: Navorsing bevorder gesonde ma-kind-verhoudings
- 6 Fokus op 'n goue vennootskap vir oop onderwys
- 7 Met dié tolke is daar geen Babelse verwarring nie
Attie is eerste Kuali-raadslid uit Afrika
- 8 NWU en Kaizer Chiefs span saam
Viartal slaan 'n 'kolhou' by gholftoernooi
- 9 Syfers om mee rekening(kunde) te hou
- 10 Geluk is 'n keuse wat deur geloof gedra word
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 En die winners is...
Probeer bietjie hierdie resep
- 17 Wat ek graag vir 2014 wil hê...
- 18 Ons mense – Veelsydige kunstenaar skep kunsskatte
- 19 Menseregtekonferensie fokus op gestremdheid



Voorblad: Prof Abayomi Oyekale van die Mafikengkampus is bekroon as die NWU se produktiefste navorser. Lees meer hieroor op p 4 en 5.

ONS WIL VAN JULLE HOOR
Stuur enige idees of kommentaar oor die Eish! na
marelize.santana@nwu.ac.za

NWU-web: mylpale behaal

Die NWU het vanjaar 'n paar mylpale behaal met die ontwikkeling van die webwerf. Eish! wou by die webbestuurder, mnr Cobus Steenkamp, hoor wat dit was en wat hulle vir 2014 beplan.

"Ons eerste mylpaal was om die voorkoms van die webwerf aan te pas. 'n Gevolg daarvan was dat die publseerders hul inhoud beter kon struktureer," sê Cobus.

Die publseerders is personeel dwarsoor die NWU wat inhoud op die web publiseer – 'n groep waarop die webspan vanjaar spesifiek gefokus het.

"Ons het doelbewus beter gekommunikeer met ons publseerders en geluister na wat hul behoeftes is. Verder het ons 'n werkboek ontwikkel wat ons in 2014 tydens werksinkels gaan gebruik om hul skryfvaardighede te slyp."

Die webspan het ook vanjaar 'n projek begin om die webwef met behulp van eksterne konsultante op te gradeer van Drupal 6 na Drupal 7. (Drupal is oopbron-sagteware vir webinhoudbestuur.)

Cobus sê die opgradering sal help om die web meer sinvol te bestuur. Dit sal ook meer duidelikheid bring oor die eienaarskap van die inhoud en die toeken van verantwoordelikhede en sal die ontleding van die inhoud deur middel van Google Analytics verbeter.

Nog 'n ontwikkeling in 2013 was dat die webspan die webbeleid aangepas het om tred te hou met die veranderende webomgewing.

Vir volgende jaar beplan hulle om – behalwe die werksinkels vir publseerders – 'n veelvuldigedomein-webomgewing te ontwikkel. Dit beteken dat sekere entiteite hul eie, unieke subdomeine sal kan kry.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die Eish! in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Die jaar 2013 is soos 'n dwarrelwind verby. Met die laaste eksamenvraestelle wat afgehandel word, kan ons weereens met dankbaarheid terugkyk op 'n uiters suksesvolle en stabiele akademiese jaar.

Hoogtepunte is daar volop, en in hierdie uitgawe kan meer gelees word oor een van ons kernbesigheidselemente waar ons 'n ongelooflike opwaartse kurwe toon, naamlik ons navorsingsuitsette. Die fokus in hierdie uitgawe is op die weners van die onderskeie kategorieë van die navorsingstoekennings. Die eintlike weners is egter elke personeellid, hetsy akademiese of ondersteuningspersoneel aan beide die onderrig-leer- en navorsingskant, wat meegewerk het om ons totale navorsingsuitsette sedert die samesmelting in 2004 met 133% te verbeter!

Die toekoms lê oop voor ons – ons kry nuwe leierskap in 2014 (hierdie uitgawe was reeds by die drukkers ten tye van die raadsbesluit oor senior aanstellings). Onder hulle leiding sal daar later in 2014 waarskynlik 'n nuwe en vars posisioneringsproses wees. Lees ook gerus van die

jongste inisiatiewe rondom 'n oopbronvennootskap vir onderrig-leer, so ook ons internasionale vennootskappe in die Kuali konteks – dit is die toekoms vir hoër onderwys en gaan van ons almal 'n kopskuif vra.

Maar, vir 'n begin gaan ons die nuwe jaar af-skop met 'n terugskouingsevaluering deur 'n internasionaal geleide paneel wat gaan bepaal hoe effektief ons die afgelope dekade die samesmeltingsdoelwitte en ons missiestelling bereik het. Ek is meer as gereed en trots om vir hierdie “eksamen” aan te meld.

Die “Wat ek graag vir 2014 wil hê”-artikel is baie interessant. Hier is my wens: “Aan al die personeel en studente van die NWU: julle prestasie op pad na 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling is fenomenaal. Nie eens 'n proses soos 'n samesmelting kon julle spoed breek nie. My wens vir julle is dat die buitewêreld eerder vroeër as later sal agterkom – “dit begin alles hier” – hier by die NWU met haar diversiteit, innoverende denke en toegewyde personeel.”



Neem 'n blaaskans met hierdie weergawe van Eish! – en namens u almal baie dankie ook aan ons Eish!-redaksie vir so 'n puik blad!

Baie dankie vir elkeen se harde werk in 2013, en rondom die jaareinde wens ek elkeen van u 'n aangename rustyd toe, asook 'n geseënde tyd saam met u geliefdes.

Groete,

Jhans Eloff

Eish!, ons mense presteer!

Hierdie uitgawe van Eish! is weer vol nuus oor die prestasies van ons personeel. Lees byvoorbeeld op p 4 en 5 hoe ons navorsers vereer is vir hul harde werk.



Prof Abayomi Oyekale is aangewys as die produktiefste senior navorser, terwyl prof Martinette Kruger as produktiefste junior navorser aangewys is.

Prof Abayomi is van die Skool vir Landbou-wetenskap op die Mafikengkampus en prof Martinette is van die navorsingsfokus-area, Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES), op die Potchefstroomkampus.

Die vraag wat by 'n mens opkom, is wat dryf of inspireer mense tot sulke hoogtes? Is dit passie, die drang om 'n positiewe verskil te maak, of dalk die behoefte aan selfverwesenliking?

Viktor E Frankl, die Oostenrykse psigoloog wat tydens die Tweede Wêreldoorlog drie jaar in Duitse konsentrasiekampe oorleef het, glo die strewe om betekenis in die lewe te vind, is die kragtigste motivering vir mense.

Die motivering vir kunstenaars soos prof Nicholas Allen van die Institusionele Kantoor (artikel op p 18) is dalk om sin te maak uit die oënskynlike sinlose in die lewe. Of is dit eerder om die wonder van die gewone raak te sien en dit op 'n nuwe, kreatiewe manier aan te bied?

Op die ou end word ons elkeen deur 'n unieke kombinasie dryfvere aangespoor. Wat dit ook al is wat die NWU-gemeenskap in 2013 geïnspireer het, ons wens elkeen wat presteer het van harte geluk.

Mag hierdie prestasies ons almal aanspoor om in 2014 selfs hoër hoogtes te bereik.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span

Koel navorsers ontvang die hoogste lof

Meer as 70 navorsers van die NWU het op Vrydag, 1 November 2013 tydens 'n glansgeleentheid erkenning vir hul harde werk ontvang.

"Ons vier die feit dat navorsing koel is en dat dit koel mense is wat in navorsing uitblink," sê dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU.

Hy sê navorsing is koel wanneer dit 'n duidelike verskil aan die posisionering van 'n instelling in die nasionale hoërondewysgemeenskap maak. Dit is ook koel wanneer dit oplossings vir uitdagings vind, en wanneer dit persoonlike ontwikkelingsgeleenthede verskaf aan mense wat passievol daarvoor is om tot die ekonomie van kennis by te dra.

"Julle, as die room van die NWU se navorsingsuitnemendheid is, die mense wat die navorsingskultuur aan die universiteit beliggaam.

"Julle het gewys dat 'n balans moontlik is tussen finansiële beperkings en baanbrekerswerk ten opsigte van nuwe navorsingspogings," sê dr Theuns.

Die gasspreker by die geleentheid, dr Albert van Jaarsveld, tans die hoof- uitvoerende beamppte van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), het die NWU vir sy navorsingsprestasies geloof.

Dr Albert is 'n produktiewe navorser wat al meer as 100 artikels in portuurbeoordeelde akademiese vaktydskrifte gepubliseer het.

MAFIKENG-NAVORSEER IS DIE PRODUKTIEFSTE

Hierdie jaar se ontvanger van die toekenning vir die produktiefste navorser is prof Abayomi Oyekale van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus.

Sy navorsing kan breedweg in drie velde ingedeel word. Dit is ontledings van

omgewingstudies, armoede en ongelykheid, en gesondheidsverwante kwessies.

Rakende omgewingskwessies het hy studies oor grondgebruik, ontbossing, volhoubare grondbestuur, klimaatsverandering en volhoubare gebruik van energie uitgevoer.

Die studies oor armoede en ongelykheid fokus op die uitroei van armoede en ongelykheid en inkomsteskok-evaluering.

Sy gesondheidsverwante navorsing fokus op kwessies rondom MIV en Vigs, drinkwater, malaria, gesondheidsrisikoberaming en gesondheidsversekering.

"Ek wil beklemtoon dat die verband tussen die omgewing, armoede en gesondheid die kern van my navorsing gevorm het en die gebruik van verskeie ekonometriele tegnieke behels het. Hierdie toekenning is 'n getuigenis van die getrouheid van God," sê prof Abayomi.

JONG NAVORSEER BLINK UIT

Prof Martinette Kruger van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus is hierdie jaar se produktiefste junior navorser.

Haar navorsing, as deel van die fokusarea Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings



Hierdie jaar is die toekenning vir die produktiefste navorser aan prof Abayomi Oyekale van die Mafikengkampus toegeken. Dr Theuns Eloff, visekanselier, oorhandig sy trofee aan hom.



Prof Marius Potgieter van die Potchefstroomkampus het die toekenning vir leierskap in navorsing ontvang. Prof Marius se navorsing verbreed ons kennis van die werking van kosmiese strale vanuit verre sterrestelsels, en hulle interaksie met die heliosfeer en die sonwind wat deur sonaktiwiteit en die son self beïnvloed word.



Die WorkWell-avorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, onder leiding van prof Jaco Pienaar, het die toekenning ontvang vir die produktiefste navorsingsentiteit. Die primêre fokus van hul navorsing is watter effek werk- en organisatoriese faktore het op die welstand van werknemers asook die impak daarvan op die organisasie se resultate.

en die Samelewing (TREES), kyk na marksegmentering om die optimale toeris te lok.

Prof Martinette is betrokke by talle navorsingsprojekte wat deur TREES by sekere nasionale parke, kunsfeeste en gebeurtenisse in Suid-Afrika onderneem word.

LEIERSKAP LEI TOT TOEKENNING

Prof Marius Potgieter van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus het die toekenning vir leierskap in navorsing ontvang.

Hy was ook in 2010 die ontvanger van hierdie toekenning. Prof Marius het onlangs 'n A1-gradering as navorser van die NNS ontvang. Dit is die hoogste gradering wat 'n wetenskaplike van die NNS kan ontvang en word toegeken aan navorsers wat as wêreldleiers op hulle navorsingsgebied erken word.

Prof Marius is tans die enigste navorser aan die NWU met 'n A1-gradering in sy rigting.

Hy doen navorsing oor die omgewing van ons sonnestelsel, naamlik die heliosfeer.

Hy het 163 beoordeelde artikels in verskeie belangrike vaktydskrifte gepubliseer en hoofstukke in drie boeke bygedra.

Hy het op internasionale beoordelingspanele gediens en verskeie simposiums en konferensies georganiseer.

Hy het aan sewe nadoktorale navorsingsgenote studieleiding verskaf en gee tans studieleiding aan ses PhD-studente en twee MSc-studente in rekenaargebaseerde ruimtefika en heliofisika.

WORKWELL TWEDE KEER VEREER

Die WorkWell Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus, onder leiding van prof Jaco Pienaar het die toekenning vir die produktiefste navorsingsentiteit ontvang. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat

WorkWell erkenning vir hulle produktiwiteit ontvang. WorkWell het verlede jaar hierdie toekenning gedeel, maar hierdie jaar is dit net hulle s'n. WorkWell verskaf oorspronklike, interessante en nougesette navorsing wat gemik is op 'n breër wetenskaplike begrip van die wêreld waarin mense werk.

HULLE BLINK UIT MET KREATIWITEIT

Vyf NWU-personeellede is vir hul kreatiewe uitsette erken. Hulle is mnr Steven Bosch (*Dismotief*, 'n interdisiplinêre produksie van nuwe digkuns, komposisies en visuele kuns by Aardklop 2012), prof Piet Koornhof (klassieke musiek), mnr Richardt Strydom (portefeulje van nasionale groep- en reisuitstallings) en mnr Wessie van der Westhuizen, saam met mnr Ian Marley (nunologie, 'n boek met illustrasies: *Hot cross buns and other visual puns*).

Ander kategorieë waar navorsers toekennings ontvang het, sluit gemeenskapsbetrokkenheid en innovering in.



'n Goue vennootskap vir oop onderwys

Die NWU het onlangs by 'n internasionale oopbron-netwerk vir onderrig-leer aangesluit wat baie voordele vir die universiteit inhou, onder meer om ons internasionale profiel en nasionale leierskap in oop onderwys uit te bou.

Eish! het met mnr Rassie Louw, die bestuurder van onderrig-leer en tegnologie by die Institusionele Kantoor, oor hierdie opwindende vennootskap met Open Education Resources University (OERu) gesels.

V: Wat is OERu?

A: OERu is 'n internasionale konsortium van eendersdenkende instellings op vyf kontinente wat saamwerk om meer bekostigbare toegang tot hoër onderwys te verskaf.

Die NWU het op 1 November 2013, tydens die bekendstelling van die netwerk in Kamloops, Kanada, as vennoot aangesluit.

V: Hoe funksioneer OERu?

A: Dit is in die eerste plek 'n filantropiese samewerkingspoging. Dit is daarop gemik om meer bekostigbare toegang tot hoër onderwys te verskaf vir leerders wat tans nie deel van die formele hoërondewyssektor is nie.

Die vennote help almal om akademiese programinhoud te ontwikkel, en kry terselfdertyd toegang tot mekaar se bydraes.

V: Wie koördineer OERu?

A: Dit word deur 'n OER-stigting gekoördineer.

Dié stigting is 'n onafhanklike, nuwingsgewende organisasie wat leierskap, internasionale netwerkvorming en steun aan onderwysinstellings verskaf om hul strategiese doelwitte deur middel van ooponderwysbenaderings te bereik.

OERu en WikiEducator, 'n wêreldwye gemeenskap van ongeveer 60 000 opvoeders, is die vlagskip-inisiatiewe van die OER-stigting. Deur WikiEducator, een van die wêreld se grootste en produktiefste opvoedkundige wiki-gemeenskappe, sal die NWU sy internasionale profiel verhoog.

V: Wat is die ekonomiese implikasies vir die NWU?



Mnr Rassie Louw, die bestuurder van onderrig-leer en tegnologie by die Institusionele Kantoor (links) en prof Martin Oosthuizen, die adjunk-visekanselier van onderrig-leer by die NWU, is albei baie opgewonde oor die voordele wat die vennootskap met OERu inhou.

A: Die United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) het voorspel dat hoër onderwys oor die volgende 15 jaar 'n bykomende 98 miljoen leerders sal moet kan akkommodeer.

OERu sal teen 'n breukdeel van die geprojekteerde prys in hierdie bykomende vraag na hoër onderrig kan voorsien. Dit is egter nie net die bykomende leerders wat baat nie – die OERu-vennote baat self ook.

Omdat die OERu-benadering leergeleenthede vir sulke groot getalle nuwe leerders bied, verskaf dit 'n volhoubare finansiële basis vir instellings wat by die OERu-netwerk inskakel.

Daarby hou die NWU se vennootskap met OERu ook groot voordele in vir ons kursusselewing. As ons byvoorbeeld 'n nuwe program wil ontwikkel, sal ons van die ander vennote se



programinhoud kan gebruik. Op dié manier sal die NWU dus die geld en tyd spaar wat nodig is om kursusse van 'n hoë gehalte te produseer.

V: Wie bepaal die vlak van deelname?

A: OERu se ankervennote het besluitnemings-outonomie rakende die vlak van deelname. Al die beplanningsaktiwiteite die OERu word openlik en deursigtig in WikiEducator uitgevoer.

V: Die NWU is 'n ankervennoot – wat beteken dit?

A: Ankervennote is instellings wat hulle reeds voor die amptelike bekendstelling tot die netwerk verbind het. Dié vennote het sitting op OERu se raad van uitvoerende amptenare.

Vir verder inligting oor OERu, skakel Rassie by 018 299 4869.

Attie is eerste Kuali-raadslid uit Afrika



Mnr Attie Juyn, hoofdirekteur van Institusionele Inligtingstegnologie, is as die internasionale Kuali-stigting se eerste raadslid vanuit Afrika aangewys.

Kuali bestaan uit 'n groeiende groep universiteite en kolleges in Noord-Amerika en Kanada wat reeds die afgelope nege jaar sagteware vir hoëronderrysinstellings ontwikkel.

Attie glo sy benoeming is die resultaat van die NWU se steeds groter betrokkenheid by Kuali.

◀ *Mnr Attie Juyn sal vanaf 1 Januarie 2014 sy plek saam met die ander 13 lede van die Kuali-stigting se raad inneem.*

"My belangrikste rol op die Kuali-raad, en die voordeel wat dit vir Suid-Afrika en vir die NWU inhou, is dat ek in 'n posisie sal wees om internasionalisering van die Kuali-toepassings te bevorder, en om die algemene samewerking meer vaartbelyn en produktief te maak."

Hy sê Kuali se gewildheid in Suid-Afrika neem steeds toe.

"Die Universiteit van Stellenbosch het nou ook formeel lid geword van die Kuali-gemeenskap, en die universiteite van Johannesburg en Kaapstad – en moontlik ook ander – beweeg ook nader. Ons is dus nou besig om 'n Suid-Afrikaanse Kuali-gemeenskap te vestig."

Tolke voorkom Babelse verwarring

Twee tolke van die NWU se Taaldirekoraat het vanjaar vir die eerste keer tydens die NG-kerk se onlangse Algemene Sinode die verrigtinge in Engels getolk.

Altesaam 13 sinodegangers het tydens die drie dae lange sitting tolkdienste gebruik. Die tolkspan het mekaar deurentyd afgelos. Hulle het koordlose mikrofone gebruik, waarmee hulle deur middel van koordlose oorfoon-ontvangers vir die gebruikers getolk het.

Me Susan Conradie en me Ann-Lize Boshoff het tydens die sinode sogenaamde simultane of gelyktydige tolking gedoen, soos wat nou reeds 10 jaar lank in klasse by die NWU gebruik word.

"Die gebruiker moet presies dieselfde boodskap op dieselfde manier en met dieselfde gevoelswaarde as die res van die gehoor kry," vertel Susan. Volgens Ann-Lize moet die tolk byvoorbeeld heftig raak as die spreker heftig is sodat die gevoelswaarde reg oorgedra word.

Susan en Ann-Lize moes goed voorberei vir die sinode omdat hulle nie as deel van hul werk gereeld teologiesesings tolk nie. "Ons moes die agenda goed bestudeer, termlyste opstel en 'n gevoel vir die tekste ontwikkel," sê hulle.

Me Ann-Lize Boshoff (links) en me Susan Conradie het tolkdienste tydens die NG-kerk se Algemene Sinode gelewer.

Me Anneliese Beukes, bestuurder van Opvoedkundige Tolkdienste, Taaldirekoraat, sê die NWU het tans 77 tolke wat weekliks tot soveel as 1 800 lesings in spytstyd tolk. "Ons 15 permanente tolke lewer hoofsaaklik die tolkdienste buite die NWU."

Anneliese sê uiteenlopende buitetolkdienste is al deur die NWU gelewer. "Ons het byvoor-

beeld by verskeie geleenthede van Graan SA, Afriforum en die Potchefstroomse Sakekamer asook by die onlangse kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut getolk."

Sy sê die opvoedkundige tolkdienste, wat in 2004 by die NWU begin is, is baanbrekerswerk in Suid-Afrika en internasionaal en sal in die toekoms steeds volgens behoefte uitbrei.



NWU en Kaizer Chiefs span saam

Volgens 'n ooreenkoms met die sokkerklub, Kaizer Chiefs, sal die NWU sy kundigheid beskikbaar stel vir die opleiding van jong, talentvolle sokkerspelers van dié klub se jeugakademie in Johannesburg.

Die Sentrum vir Voortgesette Professionele Opleiding (SVPO) op die Vaaldriehoekskampus sal as kontakpunt tussen die sokkerklub en kundiges dwarsoor die NWU optree.

Die kundigheid sal spesifiek benut word om jong sokkerspelers as afgeronde individue te ontwikkel – dit het dus nie noodwendig net met sokker self te doen nie.

“Die spesifieke soort kennis wat nodig sal wees, sal afhang van Kaizer Chiefs se behoeftes. As hulle byvoorbeeld kennis oor voeding vir sportmanne nodig het, sal ons hulle in kontak bring met die voedingkundiges op die Potchefstroomkampus.

“Die SVPO is dus die koördineringsseenheid wat die kundigheid van die NWU mobiliseer

vir die doeleindes van die projek,” sê mnr Ederick Stander, projekbestuurder by die Vaaldriehoek-sentrum.

HELE NWU KAN BAAT

Ederick sê die samewerking met Kaizer Chiefs hou verskeie voordele vir die NWU in.

Behalwe dat die verbintenis met 'n wêreldbekende handelsnaam soos dié van Kaizer Chiefs goeie bemarkingsvoordele meebring, sal die NWU ook derdegeldstroominkomste ontvang vir die dienste of kennis van sy kundiges.

INNOVASIESENTRUM

Nog 'n resultaat van die samewerking tussen Kaizer Chiefs en die NWU is die Kaizer Chiefs-innovasiesentrum wat volgende jaar op die Vaaldriehoekskampus gevestig gaan word.

Dié sentrum sal uit 'n tweeverdiepinggebou van ongeveer 300 m² bestaan. In die onderste lokaal sal 'n wye reeks Kaizer Chiefs-produkte te koop aangebied word, terwyl die boonste lokaal as kantoorruimte sal dien



Prof Thanyani Mariba, die rektor van die Vaaldriehoekskampus (links), en mnr Kaizer Motaung, die uitvoerende voorsitter van Kaizer Chiefs en legendariese sokker-ikoon in Suid-Afrika, bekragtig die samewerkingsooreenkoms tussen die universiteit en die sokkerklub met 'n handdruk.

waar nagraadse studente en akademië van die NWU byvoorbeeld navorsing kan doen.

Ederick glo die NWU se verbintenis met Kaizer Chiefs sal baie navorsingsgeleenthede skep, onder meer in vakdisiplines soos sportbestuur, sportwetenskap en sportsielkunde.

Viertal slaan 'n “kolhou” by gholfoertoernooi

Die NWU het vir die eerste keer 'n wenspan opgelewer ná 'n dekade van deelname aan die jaarlikse gholfoertoernooi tussen die personeel van verskillende Suid-Afrikaanse universiteite.

Die NWU se B-span, bestaande uit dr Flippie Cloete, mnr Johnny van der Merwe, prof Rigardt Pretorius en mnr Tommy Pietersen, het hul mededingers die knie laat buig tydens die toernooi wat vanjaar op 26 en 27 September in Stellenbosch gehou is.

Prof Francois Retief, prof Francois van der Westhuizen, mnr Hendrik Truter en mnr Winton Windell – die A-span – was vyfde.

Altesaam 25 spanne het deelgeneem.



Die NWU se A- en B-span is van links, mnr Johnny van der Merwe, mnr Winton Windell, mnr Hendrik Truter, prof Francois van der Westhuizen, prof Francois Retief, dr Flippie Cloete, prof Rigardt Pretorius en mnr Tommy Pietersen. Almal is van die Potchefstroomkampus, behalwe Tommy wat van die Institusionele Kantoor is.

Syfers om mee rekening(kunde) te hou

Die NWU se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus is besonder trots op hul uitstekende uitslae in vanjaar se nasionale Initial Test of Competence (ITC)-eksamens.


Dit is die eerste jaar dat geëkotooierde rekenmeesterstudente twee geleenthede (Januarie en Junie) in een jaar gehad het om dié eksamen, wat deels bepaal of studente geëkotooierde rekenmeesters mag word of nie, te slaag.

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geëkotooierde Rekenmeesters (SAIGR) het die ITC-uitslae van Junie op 30 Augustus bekend gemaak. Een-en-twintig studente van die Potchefstroomkampus wat nie in Januarie geslaag het nie, het in Junie weer die eksamen afgeleë. Dertien oftewel 62% van dié kandidate het die tweede eksamen geleentheid geslaag.

“Dit plaas ons vierde in die land,” vertel prof Nico van der Merwe, programleier vir Geëkotooierde Rekenmeesterskap. Hy sê die landsgemiddeld is 48% vir studente wat in 2012 ’n Sertifikaat in die Teorie van Rekenmeesterskap (STR) behaal het, en 41% vir alle kandidate wat hierdie tweede geleentheid geskryf het.

TOEGEWYDHEID WORD BELOON

Prof Susan Visser, die dekaan van dié



fakulteit, is besonder trots op hierdie prestasies, ook wat transformasie betref. Die getal suksesvolle studente uit die aangewese groepe het vanaf drie studente (van wie een swart was) in 2012 gegroei na 10 studente, waarvan ses swart is.

“Ons doelwit is om studente effektief voor te berei vir die besigheidswêreld. Ons doen alles in ons vermoë om bekwame studente op te lei wat hul plek in die arbeidsmark sal kan volstaan,” sê sy.

Prof Susan sê die fakulteit se prestasies is veral te danke aan goeie studente en baie toegewyde personeel wat hard gewerk het.

Die STR-dosente (HonsGR-dosente) het vrywillig twee Saterdag ekstra klasse aangebied om die studente vir die tweede geleentheid voor te berei.

“Alles was natuurlik ook net moontlik met die wonderlike ondersteuning wat ons van die bestuur van die NWU op kampusvlak sowel as institusioneel kry,” voeg sy by.

PRESTASIES IS DIE BEGIN VAN GROOT DINGE

Prof Jaco Fouché, direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe sê die ITC-prestasies is veral indrukwekkend omdat geëkotooierde rekenmeesterskap een van die moeilikste kwalifikasies is om te verwerf.

Behalwe dat die toelatingsvereistes baie hoog is, verg die studies ook dat die studente baie sterk op tegniese en emosionele vlak moet wees. Hulle moet ook groot volumes werk kan hanteer.

“Die NWU word hoog aangeskryf in die rekeningkundige beroepswêreld. Hou ons dop in die toekoms. Dié prestasies is maar net die begin van groot dinge,” sê prof Nico.

Vir meer inligting oor die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, besoek gerus hul facebook-bladsy.

Slaagsyfer groei indrukwekkend

Ná die tweede ITC-eksamen geleentheid het die NWU in geheel ’n slaagpersentasie van 88% behaal. In 2012 het 56 NWU-studente die ITC-eksamen geslaag. Dié getal het vanjaar tot 83, die meeste nog, gestyg. Dit beteken ’n indrukwekkende groei van 48%.

’n Merkwaardige prestasie is dat die NWU eerste in die land was in een van die vroeë van die Junie-geleentheid wat gehandel het oor

die strategie-, risikobestuur- en korporatiewe-beheer-vaardigheidsarea.

Die NWU was derde in die vroeë oor bestuursrekeningkunde en oor finansiële bestuur, en vierde in vroeë oor finansiële rekeningkunde.

In een van die vroeë in laasgenoemde vaardigheidsarea het die NWU ook ’n derde plek behaal.

Geluk is 'n keuse wat deur geloof gedra word

In hierdie uitgawe praat Eish! met prof Rantoa Letšosa, die nuwe viserektor vir onderrig-leer op die Potchefstroomkampus. Prof Rantoa, 'n diep godsdienstige man, sê sy hoofdoel is om 'n goeie omgewing vir dosente en studente te skep waar hulle hul volle potensiaal kan bereik.

Geluk is 'n keuse, en elke persoon kan besluit om deel van die oplossing of deel van die probleem te wees, sê prof Rantoa Letšosa, die aangewese viserektor vir onderrig-leer op die Potchefstroomkampus.

Prof Rantoa glo die regte houding wat deur geloof bekragtig word, tesame met 'n gunstige werksomgewing, is al wat nodig is vir studente en personeel om nuwe hoogtes te bereik.

GUNSTIGE OMGEWING VIR GELEENTHEDE

Hy sê dit is sy taak om te help om 'n goeie omgewing vir almal by die NWU te skep.

Dit is 'n uitdaging wat hy glo hy ten volle in staat is om die hoof te bied.

Prof Rantoa neem die leisels oor by prof Mariëtte Lowes, wat aan die einde van 2014 aftree.

"Ek wil graag sien dat alle jongmense die geleentheid kry om te studeer. Die universiteit moet uitreik na mense oraloor – van plase tot klein dorpie."

Prof Rantoa is oortuig dat tegnologie die sleutel is om hierdie droom te bewaarheid.

Hy sê dat dit is waarom hy seker maak dat hy altyd op hoogte bly van die jongste tegnologiese ontwikkeling.

"'n Mens moet altyd een trappie voor wees, en jy kan dit slegs wees as jy ten volle ingelig is oor die hulpbronne wat tot jou beskikking is."

Prof Rantoa Letšosa het al dikwels nasionaal en internasionaal as spreker opgetree en is veral 'n kenner van die liturgie binne die Afrika-konteks.





Die Letšosa -gesin: Prof Rantoa Letšosa en sy vrou, Sylvia, sê hulle is baie trots op hul seun, Thabang, wat op die kampus studeer.

GELOOF IS SY MOTIVERING

Prof Rantoa is baie opgewonde oor sy aanstelling as viserektor, waarvoor hy meen God hom voorberei het. "Geloof het my na plekke geneem en aan my die wonderlikste geleenthede gegee," verklaar hierdie saggeaarde teoloog.

Sy geloof het van hom 'n baanbreker gemaak. Hy is die eerste swart viserektor vir onderrig-leer op die Potchefstroomkampus, en voor dit was hy die akademiese viserektor aan die Teologiese Skool in Potchefstroom. Prof Rantoa sê hy glo vas om brûe te bou waar daar geen brûe is

nie. As Gereformeerde Kerk-planter en aktiewe teoloog het hy gemeentes sien groei, mense van verskillende rasse in harmonie saam sien aanbid, en dat die jeug opgehef word.

WEES 'N OPLOSSING, NIE 'N PROBLEEM NIE

"Enigiets is moontlik as jy in jouself glo – doen jou werk en vertrou op die Here."

Prof Rantoa glo dat dit die resep vir sy sukses is. Sy filosofie is om met elke uitdaging wat hy aanpak, deel van die oplossing te wees, en nie van die probleem nie. "Dit gaan alles oor jou gesindheid – om

verder te kyk as kommerwekkende omstandighede en bo uitdagings uit te styg. Dit is waarom ek elke dag kies om gelukkig te wees. Met 'n positiewe uitkyk sal jy altyd die son sien skyn."

Om positief te wees, is nie prof Rantoa se enigste goeie eienskap nie. Hy is ook 'n baie genaakbare en vriendelike persoon.

"Ek wil graag hê dat almal moet weet dat my deur altyd oopstaan. As jy hulp of inspirasie nodig het, of net 'n geselsie wil aanknoop, ek is beskikbaar," sê hy met 'n glimlag.

Interessante feite

My gunstelingkos: Griekse slaai en skaapvleis.

My gunstelingboek: Enige boek met 'n pastorale of aanbiddingstema.

My gunstelingflik: Ek hou van aksiefliks.

My gunstelingmusiek: Opera en klassieke musiek, maar ek hou ook van gospelmusiek.

My gunstelingkunstenaar: Rebecca Molohe.

My gunstelingtroeteldier: My twee honde, Bully en Cindy. Ons het onlangs vier klein hondjies bygekry.

Wat ek doen om te ontspan: Ek is 'n ywerige tuinier.

My gunstelingvakansiebestemming: Ek hou baie van die see, veral Durban.

Lede van my gesin: My vrou, Sylvia, wat 'n biblioteekassistent op die Potchefstroomkampus is, en my seun Thabang (21), wat finansiële boekhouding studeer.

Die soort kind wat ek was: Ek het dit geniet om 'n kind te wees. Ek het graag gespeel, maar kon ook hard werk. Wat ek ook al in my jongdae gedoen het, het ek altyd met groot entoesiasme gedoen.

Hoe om Generasie Y-werknemers te trek

**Pak globale
vraagstukke
saam aan**



Minister praat oor toerisme en water

Die minister van toerisme, mnr Marthinus van Schalkwyk, het onlangs 'n toespraak gelewer tydens 'n openbare lesing op die kampus as deel van vanjaar se Wêreldtoerismedagviering.

Die tema van die lesing was "toerisme en water". Volgens mnr van Schalkwyk verbruik ons meer natuurlike hulpbronne as wat die aarde kan regenerere. "Teen Augustus verlede jaar het ons byvoorbeeld reeds soveel hulpbronne verbruik as wat die aarde gedurende die hele jaar kon aanvul.

"As ons voortgaan om teen hierdie tempo by die toekoms te leen, gaan ons die toekomstige reservoir van natuurlike hulpbronne – wat ons vir volhoubare toerismegroei benodig – doodmaak," sê hy.



Mnr Marthinus van Schalkwyk, die minister van toerisme (middel), saam met mnr Kingsley Makhubela, die Departement van Toerisme se direkteur-generaal, en prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus, na afloop van die openbare lesing oor toerisme en water.

Volgens prof Melville Saayman, die direkteur van die navorsingsfokusarea Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES), moet ons spesifiek kyk na die waarde en belangrikheid van water vir toerisme, asook na die waarde van water vir gemeenskappe.

Hy sê daar behoort 'n aansporingsprogram te wees vir munisipale werknemers wat met waterverwante dienste werk. "Hulle moet verstaan waarom en wat hulle doen in terme van dienslewering. Dit is nie net toeriste wat verontrief word deur 'n waterskaarsste nie, gemeenskappe ly ook."

Sentrum hou eerste konferensie oor hoë-energie-astrofisika

Navorsers van Suid-Afrika en Namibië het onlangs by die Sports Village byeengekom vir die eerste konferensie oor hoë-energie-astrofisika in Suider-Afrika.

Daar was altesaam 26 wetenskaplikes van die NWU, die universiteite van die Witwatersrand (Wits), Vrystaat (UV), Namibië en Johannesburg, asook die Hartebeesthoek-radio-astronomie-observatorium.

Die onderwerpe waaroor hulle gepraat het, het gewissel van massiewe sterre wat gewelddadig gesterf het, tot aktiewe sterrestelsels met die grootste swartgate in die heelal.

Volgens prof Markus Böttcher van die Sentrum vir Ruimtenavorsing is 'n Suid-Afrikaanse Gammastraal-astronomiekonsortium tydens die konferensie tot stand gebring. Hierdie konsortium sal navorsers van die NWU, Wits en die UV verenig in hul strewe na kennis oor die mees gewelddadige verskynsels in die heelal, wat hulself deur hoë-energiestraling soos gammastrale openbaar.

Dié drie instansies is ook vennote in die internasionale Hoë-energie Stereoskopiese Stelsel (HESS), die wêreld se voorste gammastraalobservatorium, wat naby Windhoek, Namibië, geleë is. Wetenskaplikes en instansies wêreldwyd werk ook reeds aan planne vir 'n volgendegenerasie-gammastraalobservatorium genaamd die Cherenkov-teleskoopopstelling.

Prof Markus Böttcher sê die volgende konferensie oor gammastraal-astronomie sal in Julie 2014 in Bloemfontein plaasvind.



Werkswinkel fokus op onderwysers


Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het op 5 Oktober, Wêreld-onderwysersdag, 'n baie suksesvolle werkswinkel vir onderwysersontwikkeling aangebied.

Tydens die werkswinkel is onderwysers gehelp om struikelblokke wat leer belemmer, te identifiseer. Dit is ook deel van die NWU se verbintenis om praktiese hulp vir die beroep vanuit 'n ingeligte en innoverende perspektief te verskaf.

Meer as 40 persone, van departementshoofde tot kenners van inklusiewe onderwys, het aan die aktiwiteite deelgeneem. Tydens die oggendsessie is 'n reeks van vier praatjies oor huidige behoeftes en bewese strategieë vir die hantering van leerstruikelblokke gehou. Die middagssessie het bestaan uit 'n reeks aktiwiteite om onderwysers en kenners van inklusiewe onderwys in staat te stel om struikelblokke te verstaan, te identifiseer en te remedieer.

Die inisiatief reflekteer die fokus op professionele ontwikkeling van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe en die Kenneth Kaunda-distrik se Vennootskap vir Hoop-memorandum van verstandhouding. Vanjaar se tema is: "Leerderondersteuning en die hantering van leerstruikelblokke" en die tema vir 2014 sal "Die jaar van tegnologie" wees.

Wêreld-onderwysersdag moedig onderwysersverenigings wêreldwyd aan om steun vir onderwysers te mobiliseer en verseker dat daar aan toekomstige generasies se behoeftes voldoen sal word.



Beveg mites en wanpersepsies oor albinisme

Personeel en studente van die kampus het onlangs, saam met Suid-Afrikaners van regoor die land, deelgeneem aan die Nasionale Maand vir Albinisme.

Die doel van hierdie landwyse inisiatief is nie net om mense bewus te maak van albinisme nie, maar ook om ondersteuning te bied aan albinisme-lyers.

Albinisme is die oorerflike afwesigheid van pigmentasie in die vel, hare en oë. Statistiek toon dat een uit elke 3 800 persone in Suid-Afrika met dié genetiese toestand gebore word.

Die meeste mense met albinisme leer hoe om met hulle fisiese beperkings saam te leef, maar vind dit egter moeilik om die sosiale stigma wat meesal met hulle toestand gepaardgaan, te verduur.

Volgens verpleegsuster Mapeete Mulumba van die kampuskliniek kan daar heelwat gedoen word om die toestand hanteerbaar te maak, en so die lewensverwachting van iemand met albinisme aansienlik te verleng.

Twee van die belangrikste aspekte waaraan aandag gegee moet word, is die voorkoming van velkanker en goeie oogsorg.

“Dit is belangrik om mense in te lig oor albinisme om marginalisasie, diskriminasie en bygelowigheid uit die weg te ruim,” verduidelik sy. “Die kampus probeer om dit te doen deur opvoedkundige werksinkels oor albinisme aan te bied.”

Sentrum kry twee toekennings

In net meer as 'n jaar sedert die totstandkoming van die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur, het die sentrum twee gesogte toekennings van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Risikobestuur (IRMSA) ontvang.

Die sentrum is deel van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie en bied nagraadse opleiding aan ervare individue in alle sektore. Die eerste toekenning is gemaak in die onderwys-kategorie van die IRMSA-toekennings, waarna die sentrum as die algehele wenner van die Industry Specific Risk Initiative Special Award for Recognition of Exceptional Service aangewys is.

“Hierdie toekennings vergestalt die fakulteit se innoverende benadering tot risikobestuur as 'n vakdisipline,” sê prof Hermien Zaaïman, bestuurder van die sentrum.



Prof Hermien Zaaïman is die bestuurder van die sentrum. By haar is prof Herman van der Merwe, die dekaan van die fakulteit.

Die jaarlikse IRMSA-toekenningsgeleentheid gee erkenning, vier uitnemendheid binne die nasionale risikobestuur-sektor en vereer individue wat 'n betekenisvolle bydrae lewer.

Deur voorgraadse opleiding in risikobestuur aan te bied, poog die sentrum om werknemers te bemagtig om die impak van risiko's beter te verstaan en te bestuur.

Dit dien ook as die sentrum vir toegepaste navorsing in die vakgebied van risikobestuur vir die NWU.

Geexpo is 'n daverende sukses

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie het onlangs 'n baie suksesvolle Geexpo aangebied.

Dié inisiatief – 'n eerste van sy soort vir die fakulteit – het op skaars vaardighede soos wiskunde en inligtingstechnologie gefokus. Verdienstelike graad-12 leerders is ook met studiebeurse beloon vir hul toewyding tot hul skoolwerk.

Die Geexpo het die belangrikheid van wiskunde en inligtingstechnologie aan leerders van graad 10 tot 12 beklemtoon en gepoog om skole te motiveer om saam met die fakulteit te werk om die standaard van leer in hierdie skaars vaardighede te verbeter. Skole uit Alberton, Kemptonpark, Johannesburg, Roshnee, Vereniging en Vanderbijlpark het aan die Geexpo deelgeneem.

Die program van die dag het onder meer 'n praktiese assesseringstaak-kompetisie, 'n wiskunde-olimpiade en 'n robotics-uitdaging ingesluit.

Aanbiedings deur die Serious Games Institute South Africa (SGI-SA) en die Multilingual Speech Technology (MUST)-navorsingsgroep het die opwindende wêreld van toegepaste navorsing aan die leerders geïllustreer.

Volgens me Daleen Gerber, koördineerder van die Geexpo, sal dié inisiatief voortaan 'n jaarlikse instelling word.

Die Robotics-uitdaging het baie aandag getrek.



NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

// Dit is belangrik vir die regering en ander belanghebbendes om innovering te stimuleer, veral in 'n land soos Suid-Afrika waar werkloosheid hoogty vier. Daar is 'n behoefte dat alle belanghebbendes hande vat en innoverende idees van jongmense steun om 'n opkomende geslag van entrepreneurs voor te berei. //

Dr Mulunga Mwanza, Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus

Verklaring deur mnr Paul Segeboe, Noordwes LUR vir Finansies, moedig jongmense aan om ernstig te wees oor entrepreneuriese ontwikkeling, Polity.org.za, 6 September 2013



// Dit sal veral help as die Suid-Afrikaanse Inkomstediens 'n bemarkingsveldtog begin om die winkeleienaars in te lig oor die voordele daarvan om te registreer omdat hulle onder meer belastingvergunninge kan kry. (In antwoord op hoe die feit dat 22 000 kleinhandelaars en spazawinkels vir die eerste keer verkooppunttoestelle gaan kry of gaan opgradeer, 'n impak op die land se ekonomie kan hê). //

Dr Diana Viljoen, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Vaaldriehoekskampus "Klein winkels só ook in taksnet", Volksblad, 4 September 2013


☞ Hoewel 'n mens nie elke dag van aanvalle hoor wat in aanranding oorgaan nie, kom verbale teistering algemeen voor en beïnvloed dit onderwysers en leerlinge. Onderwysers het die reg op 'n veilige werkomgewing en in dié opsig kry hulle nie aldag die nodige ondersteuning van die onderwysdepartemente nie.

Departemente laat beheerliggame dikwels in die steek as hulle nie aanbevelings bekragtig om moeilikheidmakers permanent te skors nie of die nodige steun gee om kinders met probleme te help nie.

Onderwysers moet beseft hul regte is nie ondergeskik aan dié van kinders nie. ☞

Prof JP Rossouw, Skool vir Opvoedkundestudies, Potchefstroomkampus

Kommentaar en ontleding: "Donker prentjie van SA se skole", Beeld, 24 September 2013



☞ Talle onderwysers moedig leerders aan om Wiskundegeletterdheid (in die hoërskool) te vat omdat hulle oor die algemeen 'n hoër slaagsyfer sal verkry. Die gevolglike probleem is egter dat talle van hierdie leerders universiteit toe gaan en Rekeningkunde wil neem, of 'n GR(SA) wil word, en ons moet hulle dan wegwys, aangesien die toelatingsvereistes ten minste 'n 50%-slaagpunt vir Wiskunde op matriekvlak is, wat hulle dan nie het nie. ☞

Prof Akbar Boothia, Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, Mafikengkampus


PERSVRYSTELLING: " 'n Beroep as geoktrooieerde rekenmeester begin tuis", PRMonitor, 23 Oktober 2013



☞ Ons fakulteit (Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie) wil graag volgende jaar die eerste oop massa-aanlynkursus (MOOC) in Rekeningkunde en Wiskunde aanbied. Ek glo dat selfone en selfoontegnologie die toekoms van hoër onderwys in Suid-Afrika is. ☞

Prof Herman van der Merwe, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Vaaldriehoekskampus

"SA-universiteite bekijk oop aanlynkursusse", Die Burger, 18 Augustus 2013



En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:

Me Michelle Bownes, werknemerverhoudinge-praktisyn, Mensekapitaal



Mafikengkampus:

Me Kristina Travis, Bestuurder: Komiteesekretariaat en Argief



Potchefstroomkampus:

Me Monique van Deventer, administratiewe beampte, Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika



Vaaldriehoekkampus:

Me Cindy Dalwai, administratiewe assistent, Akademiese Administrasie

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar volgende jaar wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

Probeer bietjie **hierdie** resep

Gedurende die Desembervakansie het die meeste van ons die geleentheid om bietjie weg te kom van die werk en te rus. Sit 'n bietjie tyd opsy, slaan die hand aan die pot en verstonk jou familie en vriende met jou kulinêre vernuf.

NS – Julle is welkom om volgende jaar vir ons te vertel of jul pogings geslaagd was of nie. (Ons sal ook met graagte as proe-paneel dien.)

Vrugtekoek vir dié wat nie vrugtekoek eet nie



Bestanddele

¼ koppie maraschino-kersies, in helftes gesny
¼ koppie dadels, gekap
¼ koppie ingelegde groenvye, in blokkies gesny
¼ koppie gepresterde gemmer, in blok-

kies gesny
80 ml witsuiker
80 ml bruinsuiker
175 ml esdoringstroop ('maple syrup')
170 g botter
175 ml melk
1 eetlepel brandewyn

330 g bruismeel
1 teelepel bakpoeier
1 teelepel koeksoda
½ teelepel sout
2 teelepels fyn gemmer
2 eiers, geklits tot skuimerig
Versiersuiker vir sprinkel

Metode

Plaas eerste agt bestanddele in 'n pan en verhit totdat suiker opgelos is. Verwyder van hitte en roer melk by. Voeg brandewyn by. Meng droë bestanddele in mengbak en maak 'n holte in die middel. Gooi die gesmelte bestanddele in die holte en meng. Vou eiers by beslag. Voer die bodem van 'n 22-24 cm-losboompan met waspapier uit en skep beslag bo-op. Bak vir 50 minute teen 180°C. Laat afkoel en verwyder uit pan. Plaas papierdoilie bo-op en sprinkel met versiersuiker. (Onthou om die doilie te verwyder!) *Met erkenning aan Die Nataniël TAFEL (<http://dienatanieltafel.co.za/>)





WAT EK GRAAG VIR 2014 WIL HÊ ...

In ons voortgaande reeks artikels vra Eish! vir personelede hoe hulle oor 'n bepaalde onderwerp voel. Ons wil in hierdie uitgawe weet watter geskenk hulle vir 2014 sal kies, en waarom.

Mnr Shahed Motara, senior interne ouditeur, Interne Oudit, Institusionele Kantoor: "Sonder om té filosofies te klink, is die een ding wat ek regtig graag wil hê die vermoë om dankbaarder te wees vir al die seëninge en beproewings wat oor my pad kom (dinge gebeur met 'n rede en ons moet daarvoor ook dankbaar wees). Die belangrikste is dat ek dankbaarder moet wees vir die wonderlike mense om my.

"Wees in goeie tye dankbaar dat jy meer as ander geseën is, en wees in slegte tye dankbaar aangesien dit erger kon gewees het."

Me Lynette Ferreira, sekretaresse in die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal, Institusionele Kantoor: "Ek sou graag op 'n Switserse skivakansie wil gaan. Ek was nog nooit voorheen in Switserland nie en wou nog altyd die idilliese en indrukwekkende Switserse Alpe sien. Die berge en die sneeu hou vir my 'n spesiale bekoring in."

Me Canada Musi, inligtingsbibliotekaris, Mafikengkampus: "Ek sal graag in 2014 meer motiveringsboeke wil hê. Die boeke verskaf morele en intellektuele ondersteuning. Hulle help ook om selfvertroue te bou en help mense met die uitdagings van die lewe wat hulle teëkom."

Prof Harry Sewlall, Kommunikasie en Tale, Mafikengkampus: "Ek sou graag 'n beter Suid-Afrika wou hê waar die regering en politieke partye die belastingbetaler respekteer en nie tydens verkiesingstyd vir kiesers jok deur onrealistiese beloftes te maak nie.

"Ek wil graag 'n hoër standaard van moraliteit in die regering, ons staatsdiens, ons onderwysstelsel, ons polisie en in die plaaslike regering sien.

"Ek sal baie graag 'n Suid-Afrika wil hê waar geweldsmisdaad iets van die verlede is, en mense nie hulle frustrasie in onaanvaarbare gedrag uitdruk nie."

Prof Awie Kotzé, die dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus: "As ek in 2014 'n geskenk kon kies, sou dit 'n bergfiets wees. Die bergfiets moet sterk genoeg wees om my gewig te kan dra. Dalk sal ek 'n bietjie gewig verloor as ek elke dag werk toe en terug fietsry."

Me Martie van der Merwe, sekretaresse in die kantoor van die rektor, Potchefstroomkampus: "Ek wil graag wêreldwyd 'n pragtige en geseënde 2014 sien. 'n Jaar waarin geluk, vrede, liefde en gesondheid heers. Ek sal graag wil weet dat daar in 2014 geen misdaad

sal wees nie, en geen mishandeling van vroue en kinders nie. Ek wil graag 'n jaar sien waarin ons ons Hemelse Vader ten volle kan verheerlik.

"Ongelukkig is dit maar net 'n wens en nie die werklikheid nie. Ek kan slegs bid vir vrede, hoop en liefde in hierdie gebroke wêreld waarin ons leef. Ek wens vir elkeen 'n pragtige 2014 toe."

Prof Linda du Plessis, die viserektor vir akademie, kwaliteit en beplanning, Vaaldriediehoekkampus: "Ek sal graag wil sien dat die volgende president van ons land sy graad aan die NWU behaal het.

"As ek dit nie kan kry nie, sou ek graag drie vliegkaartjies na Holland wou hê. Ek sal graag my dogter, wat nou 21 word, wil neem om die pragtige tulpe te sien. Sy, sowel as my ma, is in Holland gebore en dit sal baie spesiaal wees om die land saam met hulle te ervaar."

Me Johannah Montshonyane, assistent-inwoningsbestuurder, Vaaldriediehoekkampus: "Ek wil graag 'n verstelbare bed vir gesondheidsdoeleindes hê. Ek het 'n chroniese stent as gevolg van 'n omleiding. Ek moet op my rug slaap en gebruik tans vyf kussings om my liggaam gemakliker te kry. Die verstelbare bed sal ook my bloedsirkulasie help verbeter."

Veelsydige kunstenaar skep kunsskatte



Die NWU se mense werk nie net hard nie, hulle leef ook voluit en woeker dikwels met talente waarvan min mense weet. In ons reeks oor interessante NWU-personeel, besoek ons 'n uitsonderlike kunstenaar.

Prof Nicholas Allen, die Institusionele Kantoor se direkteur van internasionale skakeling, is 'n veelsydige kunstenaar en sy talent het daartoe gelei dat hy 'n finalis vir die 2013 Sanlam Private Belegging-portret-toekennings was.

Sy portret, *Ms Tshegofatso Phage Seated*, was een van die 40 finaliste uit 1 783 nasionale inskrywings en is nou deel van 'n uitstalling wat deur die land toer.

'N MAN VAN VELE TALENTE

Prof Nicholas se vele talente sluit beeldhou-, teken-, en keramiekwerk in, asook interaktiewe CD ROM-ontwerp.

Hy het skone kunste aan die Rhodes Universiteit studeer, wat in 1984 op 'n meestersgraad in dié studierigting uitgeloop het. Hy het in beeldhouwerk gespesialiseer – 'n belangstel-

ling wat hy het sedert hy drie jaar oud is. "Ek is 'n 3D-persoon wat op my gelukkigste is wanneer ek een of ander beeld skep."

Sy kuns getuig van sy uitstekende vakmanskap. Om 'n kunstenaar te wees, het vir prof Nicholas meer te doen met wetenskap as met talent. "Wiskunde speel 'n groot rol in alles wat ek doen. Alles word noukeurig gemeet om seker te maak dat dit presies reg is," sê hy.

PORTRET WEERSPIEËL PERSOONLIKHEID

Waarom skilder hy portrette? "Die eerste ding wat babas herken, is hulle ma's se gesigte. "Ons vel ook dikwels oordele oor ander op grond van hul gesigskenmerke en -uitdrukings. Deur portretkuns dra ek die spesifieke manier hoe ek die persoonlikheid van 'n bepaalde mens waarneem, aan ander oor," sê hy.

"Ek probeer om die humor en maniertjies van die persoon vas te vang. In my onlangse portret van prof Annette Combrink (2012) het ek byvoorbeeld voorwerpe soos boeke, die Spaanse vlag en selfs 'n DA-wapen in die agtergrond geplaas. Daardie voorwerpe sê iets oor haar as persoon, byvoorbeeld haar bepaalde sin vir humor, en oor dit wat vir haar belangrik is."

KUNS WORD GEBORE

Prof Nicholas sê ware kunstenaars is soos voedvroue. Die kunswerk is 'n ontwikkelende proses waartydens die kunstenaar nederig moet bly en toelaat dat die medium al die sê het om as't ware te help dat die "kind" gebore word.

Prof Nicholas Allen glo kuns het meer met wetenskap en toewyding te doen as met talent en inspirasie.

Op dié manier is die resultaat dikwels verrassend en daag dit ons vooroordele uit.

LANDSWYD IN AANVRAAG

Prof Nicholas het ook al talle belangrike opdragte gehad. Dit sluit in die ontwerp en vervaardiging van die Prix d'Excellence-trofee in brons vir die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, die ontwerp en vervaardiging van die Foucault-pendulum in brons vir die Albany Museum in Grahamstad, en die dubbele lewensgrootte borsbeeld van prof Hennie Snyman by die Port Elizabeth-Technikon, ook in brons.

Sy onlangse loopbaanhoogtepunte sluit 'n uitstalling in by die Eastern Province Society of Arts and Crafts, Directions- en Renaissance-uitstallings in Port Elizabeth, uitstallings by die Grahamstad Kunstefees (Port Elizabeth Academy of Arts-uitstalling), en die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) se Re-sponse-uitstalling.

Prof Nicholas se uiteenlopende belangstelling in verskillende kunsvorms laat 'n mens wonder waar hy sy inspirasie vandaan kry. "Inspirasie het min daarmee te doen," verklaar hy. "Dit is meer toewyding, harde werk en die bemeestering van die medium sodat dit logies sinvol kan wees." Hopelik sal prof Nicholas se toewyding talle ander inspireer om ook hul kreatiewe talente in te span.



◀ *Met hierdie skildery, *Ms Tshegofatso Phage Seated*, het prof Nicholas vanjaar baie goed gevaar in 'n landswyse kompetisie.*

** As jy weet van 'n kollega wat iets besonders of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by marelize.santana@nwu.ac.za.*

Menseregtekonferensie fokus op gestremdheid

Die NWU se menseregtekomitee het op 17 September 2013 tydens 'n konferensie gestremdheid in die werkplek ondersoek.

Die spreker, adv Bokankatla Malatji, het die onderwerp vanuit 'n menseregteperspektief bespreek. Mnr Jace Nair van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes het gepraat oor planne om gesiggestremde mense te ontwikkel en te bemagtig. MMe Christel van Eeden, 'n intern by die Eenheid vir Studente met Gestremdhede op die Potchefstroomkampus, het haar ervarings as fisiekgestremde werknemer en student gedeel.

Van die belangrike kwessies wat tydens die konferensie bespreek is, is die uitdagings waarvoor gestremde mense te staan kom wanneer hulle toegang tot geboue en geriewe by die NWU moet verkry, die belangrikheid daarvan om sertifikate in braille te druk, en die behoefte om meer Gebaretaal-tolking tydens lesings en

vergaderings te hê. Die menseregtekomitee bied twee keer per jaar konferensies aan.

Die NWU het in 2004 'n formele menseregtebeleid aanvaar. Hierdie beleid erken die fundamentele regte en waardes van die Handves van Regte van ons Grondwet en bepaal dat dit in die universiteitsgemeenskap gerespekteer en gehandhaaf moet word.

Daar is 'n spesiale NWU-gestremdhedsfonds beskikbaar om gestremde werknemers in die werkplek te help. Enigeen wat kwessies wat met menseregte verband hou, wil bespreek of klagtes het, kan 018 299 4816 skakel of 'n e-pos stuur aan humanrights@nwu.ac.za.

Mnr Terrence Monyebodi (regs) staan die gesiggestremde mnr Jace Nair van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes by.



Die NWU span saam met die sokkerklub, Kaizer Chiefs, om jong sokkerspelers as afgeronde individue te ontwikkel. Prof Thanyani Mariba, die rektor van die Vaaldriehoekskampus, het die omvang van die ooreenkoms met die sokkerklub onlangs tydens 'n mediakonferensie bekend gemaak. Lees meer hieroor op p 8.

transformeer die NWU:

*Dit begin alles hier*TM

12%

eerstejaar-
uitvalkoers
(nasionaal =
tussen 20%
en 30%)

slaagsyfer voorgaadse studente

2005

2012

Swart: 76,3% → 81,5%

Wit: 83,7% → 88,8%

(nasionale slaagsyfer = ±70%)

KONTAKSTUDENTE

2005


2012

Swart: 14 344 ► 18 199

Wit: 12 742 ► 16 188

GROEI VAN

27%



module-slaagsyfer



(kontak)

2007

2012

Mafikengkampus 76,40% → 82,60%

Potchefstroomkampus 80,90% → 87,20%

Vaaldriehoekcampus 76,20% → 81,81%

getal grade/ diplomas

(kontakstudente)

2005

2012

Swart: 2 951 ► 3 868

Wit: 3 166 ► 4 304

groeï van

33,5%

akademici met PhD's

2006

2012

Swart 23,53% ► 42,48%

Wit 50,93% ► 53,25%

totale navorsingsuitset

2007

2012

1 061 ► 1 830

groeï van 72,48%

dit is 'n plek waar jou beste die
geleentheid het om beter te word

dit gaan oor meer as net
onderrig – dit gaan oor
die GELEENTHEDE
wat onderrig bring

'n plek wat 'n

STEM

gee aan wie jy waag om te wees

navorsing@mafikengkampus

2010: 58 aktiewe navorsers

2011: 120 aktiewe navorsers

na-
doktorale
genote

2007 : 34

2012 : 114

= groeï van

235,2%

totale
publikasie-
ekwivalente

2007 : 376

2012 : 935

= groeï van

148,67%

Dit begin alles hierTM



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

®